

15 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 20

God se mag strek oor alle terreine van die lewe

Agab moet oorlog maak teen Ben-Hadad, die koning van Aram. Na sy eerste nederlaag, is die koning van Aram oortuig dat Israel se God 'n "berggod" is, want dit was op bergagtige terrein waar hy die stryd verloor het. Daarom besluit hy om die tweede geveg in die vlakte aan te knoop waar Israel se God (so glo hy) geen mag het nie. God laat Hom nie so deur 'n heiden bespot (soos die geval met Goliat) nie en gee aan Agab die oorwinning. Dit is maklik om neer te kyk op 'n ongelowige wat dink dat God net op sekere terreine mag het. En tog moet ons versigtig wees dat ons as gelowiges nie ook hierdie houding inneem nie. 'n Mens bid vir God se genesing as jy 'n operasie moet ondergaan, maar as kanker gediagnoseer word, kan jy maklik in totale wanhoop verval. Jy kan bid dat jou kind matriek moet slaag, maar as jy die dag uitvind dat hy/sy dwelms gebruik, dan kan jy reageer asof dit 'n terrein buite God se mag is. Laat ons by Christus leer: Hy het 'n vrou van bloedvloeiing genees, maar Hy het ook die storm stil gemaak. Hy het Petrus se skoonmoeder genees, maar ook Lasarus uit die dood opgewek. Hy het vir my sonde van onsensitieweit teenoor ander gesterf, maar sy bloed is ook genoeg vir die uitwissing van die sonde van verkragting en moord. Daar is geen terrein waaroor God nie koning is nie. Sy arm is nie te kort nie. Hy is die almagtige God en is in Christus my Here.

Sing: Psalm 89:3,4

Ds PH Fick (Komatipoort)